Kerk in Suid

**NG GEMEENTE WIERDAPARK-SUID**
**BEWARING- EN BEWAARGEWINGSOOREENKOMS**
**TEN OPSIGTE VAN OORSKOT IN 'N GEDENKTUIN**

1. Die partye:

   1.1 Die bewaarder is die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Wierdapark-Suid Pretoria van Hoewe 199, Raslouw ("die bewaarder").

   1.2 Die bewaargewer (in hierdie geval die koper) is:

   ______________________________________
   (Volle naam en van)

   ______________________________________
   (ID no)

   ______________________________________
   (Adres)

   ("die bewaargewer")

2. Aangesien die bewaarder 'n Gedenktuin op die terrein van die bewaarder opgerig het, met die doel om as bewaringsplek vir die veraste stoflike oorskotte van bewaargewers te dien en aangesien daar 'n sodanige behoefte by bewaargewers bestaan, kom die bewaarder en bewaargewer hiermee ooreen dat die bewaarder die bewaargewer en/of sy genomineerde se stoflike oorskot na verassing sal ontvang en in bewaring hou op die voorwaardes hieronder uiteengesit.

Kerk in Suid

3. Die bewaarder sal die bewaargewer en/of sy genomineerde se oorskotte hou in ‘n nis, in ‘n muur wat opgerig is in die tuin van die bewaarder. Elke nis maak voorsiening vir maksimum twee kissies: twee persone se oorskot. Die

4. bewaargewer se naasbestaandes of genomineerde sal verantwoordelik wees vir die plasing van die oorskot in die nis in samewerking met die bewaarder. Die inskripsie en gravering op die steen sal deur die bewaarder gedoen word in oorleg met die bewaargewer en/of sy naasbestaandes of genomineerde. Die bewaarder bepaal die keuse van gravering asook die maksimum bewoording, ten opsigte van die inskripsie.

5. Die bewaarder sal die oorskotte bewaar vir ‘n periode van 30 (dertig) jaar vanaf datum van die laaste plasing, waarna die naasbestaandes van die bewaargewer die ooreenkoms kan verleng vir ‘n verdere periode of periodes op voorwaardes met die bewaarder ooreengekom te word.

6. Behoudens die bepalings van paragraaf 4 hierbo, wanneer verskuiwings van die oorskot na die periode van 30 (dertig) jaar), of die ooreengekome verlengde tydperk, vir enige rede noodsaaklik is, sal die bewaarder, hangende enige ander ooreenkoms tussen die bewaarder en die bewaargewer se naasbestaandes, die oorskot sover doenlik in ‘n gesamentlike grafkelder of graf hervestig met die nodige inskripsies daarby.

7. Volledige rekords van alle plasings in die tuin sal deur die bewaarder gehou word.

8. Die bewaarder sal alles in sy vermoë doen om die oorskot in so ‘n netjiese, aantreklike en toeganklike omgewing as doenlik te hou.

9. Ter wille van die netheid en aantreklike voorkoms van die Gedenktuin kom die bewaargewer en bewaarder ooreen dat blomme op ‘n sentrale plek in die Gedenktuin, wat deur die bewaarder voorsien word, geplaas word.

Kerk in Suid

10. Die terrein sal sover moontlik toeganklik wees in ooreenstemming met toegangstye bepaal deur die bewaarder.

11. Die bewaargewer vrywaar die bewaarder teen alle aanspreeklikheid vir enige gebeurlikhede buite die beheer van die bewaarder wat die oorskot verstoor of die omgewing ontwrig.

12. Die bewaargewer betree die perseel op eie risiko en kan nie die bewaarder aanspreeklik hou vir enige skade of verlies aan persoon of eiendom nie.

13. Vir die benutting van 'n nis ingevolge paragraaf 3 hierbo, betaal die bewaargewer aan die bewaarder by ondertekening van hierdie ooreenkoms, die bedrag soos deur bewaarder bepaal, en geen bepaling in hierdie ooreenkoms sal inwerking tree indien die bewaarder nie die volle ooreengekome bedrag ontvang het nie.

14. Behoudens paragraaf 2, indien vir enige rede die bewaargewer of sy/haar naasbestaandes sou besluit dat sy of haar oorskot op 'n ander wyse mee gehandel moet word, is die bedrae soos vermend nie terugbetaalbaar nie.

15. Hierdie ooreenkoms, tesame met al die ooreengekome regte en verpligtinge, kan gesedeer en gedeligeer word met die nodige kennisgewing aan, en skriftelikke toestemming van, die bewaarder vir administratiewe en rekord doeleindes.

16. Hierdie ooreenkoms kan slegs aan die bewaarder verhandel word teen die heersende koste op die tydstip van verhandeling.

17. Die bewaargewer onderneem om enige adresverandering aan die bewaarder te kommunikeer.

Kerk in Suid

Aldus gedoen en geteken te ______________op hierdie _____Dag van ________________20___.

1. __________________________

2. __________________________ ________________________________

**BEWAARGEWER** **BEWAARDER: NG KERK WIERDAPARK-SUID**

AS GETUIES

1. ___________________________________

2. ___________________________________

Kerk in Suid

# AANSOEKVORM – LIDMATE

**BESONDERHEDE VAN BENOEMDE WAT BEWAAR WORD**

NAAM: ____________________________________________

ADRES: ___________________________________________

KONTAKNOMMERS: _________________________________

Die Identifikasienommer van u nis is [ ]

Bewoording van inskripsie (maksimum van 50 letters, drukskrif asb)

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Van |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Naam/voorl |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Geboortedatum |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Sterfdatum |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Teksverwysing |

As gevolg van die beleid wat eenvormigheid waarborg sal slegs bogenoemde gegraveer word en geen ander bewoording nie.

Die koste is as volg:
Plasing (gravering): ____________________________
Koste van nissie: ____________________________
Totaal: ____________________________

Instandhouding en administrasie en gravering ingesluit by kostes.

Kerk in Suid

--------------------------------------------------------------------------------

KANTOOR GEBRUIK

Nis No: ______________________________

Bedrag ontvang: ______________________________

Datum: ______________________________

Plasingsdatum: ______________________________

Gravering: ______________________________

NG GEMEENTE WIERDAPARK-SUID

Cotielaan 306

Wierdapark

012 653 2280 (T/F)

ngwps@mweb.co.za